
Nr./No. 28 1958 - 1964 Desember/December

# Pretoriana

8 DEC 1958
OS (68)
P 58/28





Mondstuk van die Genootskap Oud-Pretoria/Organ of the Association Old-Pretoria.

Kopiereg voorbehou. Copyright reserved.

## INHOUD — CONTENTS

Mnr. H. Coertze: Die Eendrachtskool. Dr. J. J. N. Cloete: Die Fonteine van Pretoria. Dr. R. Bigalke: History of the National Zoological Gardens. Dr. W. J. de Kock: Die Ondertekening van die Vrede van Vereeniging in Melrosehuis, Pretoria. Dr. J. Ploeger: Die Belgiese Posmuseum. Mnr. H. M. Rex: Die Vestiging van Indiërs in Pretoria.
Dr. J. Ploeger: Besonderhede Aangaande M. C. Genis, dr. B. G. A. D. Arnoldi, Fred Haenert en R. A. van Nispen.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services



**DIE EENDRACHTSKOOL** soos dit gelyk het tot met sy sloping in 1938. Die foto is geneem vanaf die Staatsgimnasium. Die gebou het op die noordwestelike hoek van Bosman- en Proesstraat gestaan. Die vleuel aan die linkerkant en om die hoek tot by die deur is gebou met geld van die C.N.O.-kommissie en donasies van vooraanstaande boere van Transvaal. Die vleuel aan die regterkant is gebou met geld wat in Duitsland gekollekteer is deur bemiddeling van Pastor Schowalter, die sg. Kruger Stiftung.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

# DIE EENDRACHTSKOOL

DIE Eendrachtskool het 'n groot invloed gehad in die jare toe die naweë van die Tweede Vryheidsoorlog ondervind is. Die verloop van die gebeurtenisse kan in twee duidelike fases verdeel word waarvan elkeen weer twee onderdele het. Hulle is 1904 tot 1910 en 1910 tot die hede.

In 1903 het 'n groep ouers van Pretoria byeengekom om die stigting van 'n skool te bespreek. Dit moes 'n skool wees waarin beide groepe van die blanke bevolking sou tuisvoel. Die stigters het in hulle doel geslaag onder leiding van bekwame onderwysmanne en -vroue. By een van die jaarvergaderinge van die bestuur het ds. H. S. Bosman, onder andere, die volgende gesê: „Die strewe van die skool is om 'n suiwer Afrikaanse gees in die kind te laat wortel skiet en te ontwikkel; absoluut geen Engelse gees, maar ook geen Nederlandse nie. Ons wil ons kinders nie vir die buitewêreld bekwaam maak nie, maar vir hulle eie Vaderland, wat nou eenmaal 'n tweetalige land is; daarom praat die statute van die skool van gelyke regte vir beide tale."

Die skool was Christelik-Nasionaal maar nie onder die C.N.O.-bestuur nie alhoewel dit geldelike steun van die C.N.O.-Kommissie ontvang het. Die skool was genoem 'n Eersteklas Dag- en Kosskool. Die hoër-afdeling moes leerlinge oplei vir die matrikulasie-eksamen van die Kaapse Universiteit. Verder was daar 'n gewone laer-afdeling sowel as 'n kleuter-afdeling gebaseer op die Fröbel-stelsel.

Die Eendrachtskool is op 4 Februarie 1904 in die ou pastorie in Kochstraat Nr. 89 (nou Bosmanstraat) geopen. Die eerste bestuur het bestaan uit ds. H. S. Bosman (Voorsitter), genl. C. F. Beyers en die here S. Meintjies, John Dougall, H. L. Malherbe, Izaak Haarhoff, Thos. Voss, W. van Maanen en R. D. Collins (Sekretaris-Penningmeester).

Die eerste hoeksteen is gelê op die noord-westelike hoek van Proes- en Kochstraat deur mev. ds. H. S. Bosman op 20 Januarie 1904. Die meeste geld om hierdie vleuel te bou was afkomstig van die C.N.O.-Kommissie.

Die eerste onderwysers was die volgende: Dr. N. M. Hoogenhout (Hoof) en die here P. J. Möller en Geo. Brummer en mejj. Jessie Frames en Mason as assistente. Dit was die personeel toe die skool in 1904 geopen is. Van hierdie eerste vyf personeellede leef (in 1954) nog net die tagtigjarige mnr. Geo. Brummer. Later het die personeel uitgebrei met, onder andere, dr. H. Reinink, mnre. A. J. de Vos, G. Besselaar en O. van Oostrum.

In September 1905 is 'n tweede vleuel aan die skool gebou met geld wat in Duitsland gekollekteer is deur bemiddeling van Pastor Schowalter wat as voorwaarde vir die skenking gestel het dat daar 'n inskripsie op die hoeksteen geplaas moes word. Die hoeksteen met die inskripsie: *„Krüger Stiftung: Erichtet von Glaubengenossen in Deutschland"* is deur



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

mev. F. C. Eloff, die oudste dogter van pres. Krüger, gelê. ('n Weeshuis wat destyds op Rustenburg tot stand gekom het, die sg. Kruger-Gestig op die hoek van Boom- en Van Alphenstraat, sowel as die Langlaagte-Weeshuis van die N.H. of G. Kerk het albei ruim geldelike skenkings van Pastor Schowalter se organisasie ontvang. Die gebou van die Kruger-Gestig het in later jare gedien as 'n annex van die Gereformeerde Kerk se Kruger-Koshuis en toe dit 'n aantal jare gelede gesloop is, het die Gereformeerde Gemeente van Rustenburg reëlings getref dat die muurtablet wat die skenking in herinnering roep, bewaar sou word. Sover ek weet is die tablet tans nog in besit van die Kerkraad van die Gereformeerde Gemeente van Rustenburg—Redakteur.)

Die Eendrachtskool is baie dank verskuldig aan die Kerkraad van die N.H. of G. van Pretoria (Bosmanstraat) vir hulle milde bydraes in die vorm van grond en geld, sowel as aan die C.N.O.-Kommissie en die Kruger Stiftung vir geldelike bydraes.

As die prestasie van oud-leerlinge van 'n skool daardie skool se naam verhoog deur hulle plek vol te staan in die samelewing, dan is dit in geen geringe mate te danke aan die onderwysers van so'n skool nie. Ons wil dus graag hulde bring aan die eerste personeellede onder leiding van dr. N. M. Hoogenhout tot 1908. Daar is talle oud-leerlinge uit daardie dae wat op verskillende terreine hulle merk in ons volkslewe gemaak het. Uit die aard van die saak is die Eendrachtskool baie trots op hulle. Dr Hoogenhout en sy personeel het baie duidelik daarin geslaag om die karakter en persoonlikheid van hulle leerlinge te laat ontplooi. 'n Beter en geskikter persoon as hoof van die nuwe skool vir die eerste moeilike jare, kon die stigters seker nie gevind het nie. Die Transvaalse Onderwys-departement het soveel van sy dienste gedink dat hy kort-kort bevorder is en uiteindelik het dr. Hoogenhout Direkteur van Onderwys geword. Sy naam sal altyd 'n ereplek in die geskiedenis van Eendrachtskool bly behou.

Dr. Hoogenhout is in 1908 deur sy broer, mnr. Frans Hoogenhout, as hoof opgevolg. Hy was egter net vir twee jaar hoof van die skool — wat te kort was om sy stempel blywend op die skool af te druk. As broer van sy voorganger het hy egter trou in die ingeslane rigting voortgebou.

In 1910 het die skool se hoër-afdeling afgeskei en die Boys' High en Girls' High School het daaruit ontstaan.

Mnr. Geo. Brummer, wat vanaf die stigting aan die personeel van die skool verbonde was en volkome vertroud was met die gees en rigting van die skool, het hoof van die Laer-afdeling geword en hoof gebly tot met sy aftrede in 1932.

Mnr. Brummer is opgevolg deur mnr. W. J. Seymore, wat sedert 1912 aan die personeel van die skool verbonde was. Dit was tydens sy hoofskap dat die onderwysowerheid uiteindelik besef het dat die ou gebou ondoeltreffend en onhigiënies geword het. Nadat baie struikelblokke uit die weg geruim moes word, is 'n sierlike en doelmatige nuwe skoolgebou op dieselfde perseel—wat intussen ietwat vergroot is—opgerig. Die nuwe



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Eendrachtskool is sonder twyfel een van die mooiste skoolgeboue in Transvaal.

In 1951 is mnr. Seymore na 'n negentienjarige hoofskap opgevolg deur mnr. H. Coertze, wat toe vir die eerste keer aan die skool verbonde geraak het. Die skool se hele atmosfeer is egter so deurdring van 'n waardige tradisie dat ook hy, nie anders kan nie, as om op die beproefde en gebaande weg voort te lei nie.

— H. COERTZE.

# Die Fonteine Van Pretoria

WAAR die mens ook al gaan, bly hy van water afhanklik om aan die lewe te bly. Sonder hierdie belangrike hulpbron kan die boer nie 'n bestaan maak nie. Stedelike samelewing is ook moontlik slegs waar 'n genoegsame en standhoudende watervoorraad verseker is. Daarom is dit verstaandbaar dat die Voortrekkers in Transvaal eers daardie plase uitgesoek het waar standhoudende strome of sterk fonteine aangetref is. Toe daar mettertyd dorpe aangelê moes word, het hierdie gesogte plekke, wat maar skaars in die Suid-Afrikaanse binneland is, se aandele weereens gestyg.

Onder hierdie omstandighede is dit verstaanbaar dat die omgewing waar Pretoria mettertyd aangelê is ook deur van die eerste Trekkers as 'n vaste woonplek gekies is. L. C. Bronkhorst het hom reeds voor 1841 naby die bekende Fonteine (daar was inderdaad meer as een fontein) gevestig en in daardie jaar vir hom die omgewing as 'n plaas met die paslike naam Groenkloof laat inspekteer.[1]) Laer af langs die standhoudende stroom, wat deur die Fonteine gevoed is en waaraan die naam Apiesrivier toegeken is, het Bronkhorst heel spoedig 'n hele aantal bure gekry.[2]) Aan mens en dier het hierdie mooi waterryke vallei 'n gesonde tuiste aangebied.

## DIE SLAGAAR VAN DORP EN STAD

Die Apiesriviervallei sou spoedig egter ook om 'n ander rede 'n belangrike rol in die nuwe staat speel, nl. as 'n sentrale vergaderplek tussen die vier oudste dorpies van Transvaal. Met Potchefstroom, Lydenburg, Rustenburg en Zoutpansberg as die uithoeke, was die Fonteinedal die aangewese "midden der bewoond land."[3]) Hier het die Boere en hulle leiers dus die aangewese plek vir hulle hoofstad gevind. Benewens die sentrale ligging was die omgewing aan die Apiesrivier ook geskik „voor een stad te bouwe, groote en uitgestrecte bouw grond en water."[4])

**DE BRUYN SE SKOENWINKELS (EDMS.) BPK.,** KERKSTRAAT 285 & 143, PRETORIA.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Nieteenstaande aanvanklike teenkanting van owerheidsweë, is daar op 16 November 1855 egter amptelik toestemming vir die stigting van die dorp Pretoria vlakby die Fonteine op die plaas Groenkloof verleen. Die kragtige waterbron, wat ongetwyfeld 'n deurslaggewende oorweging by die dorpstigting was, het reeds voor daardie datum al begin om sy belangrike rol te speel. Daar is naamlik 'n opvangdam gebou en 'n voor gegrawe om die water na die dorpsgebied te voer.[5]) Van die staanspoor af en totdat die dorpie mettertyd tot 'n stad aangegroei het, het die Fonteine die lewensbloed vir hierdie plaaslike gemeenskap verskaf. Die oorspronklike erwe het almal waterregte gehad en het as „water-erwe" bekend gestaan. Die aanvanklike gebrekkige dam en watervoor is met verloop van tyd herhaaldelik verbeter en uitgebrei. Uiteindelik is die watervoor deur die meer doeltreffende en higiëniese waterpype vervang of aangevul.[6]) Steeds was dit egter daardie een bron — die Fonteine op Groenkloof — waarom alles gedraai het.

## DIE FONTEINE BEDREIG

Alhoewel dit uit die staanspoor tog klaarblyklik moes gewees het dat die dorp Pretoria nie sonder die Fonteine op Groenkloof sou kon bestaan nie, is daar toe die dorp gestig is geen stappe gedoen om ook daardie plaas tot die dorpsgrond toe te voeg nie. Moontlik het M. W. Pretorius in die gees van daardie tyd 'n eerbare mondelinge ooreenkoms met L. C. Bronkhorst aangegaan om die watertoevoer vir die dorp te verkry.[7]) Hoe dit ook sy, daar is deurgaans aanvaar dat die dorp op genoegsame water van die Fonteine geregtig is. Bronkhorst het vroeg reeds twee watervore aangebou om sy landerye te besproei. Die een voor is van naby die boonste fontein onder die groot bome uitgehaal vir die lande op die oostelike oewer van die rivier en die ander vanaf die onderste oog, die sogenaamde „Riet Gat," vir landerye, tuine en boorde op die westelike oewer. Toe die plaaseienaar in 1859 (of omstreeks daardie jaar) 'n derde watervoor wou aanlê om nuwe landerye op die oostelike oewer te besproei, is hy deur veldkornet Van der Walt verbied om met die werk voort te gaan omdat dit moontlik die dorp se watertoevoer sou benadeel het.[8])

Die noodsaaklikheid vir meer konkrete amptelike stappe om te verseker dat Pretoria steeds van water voorsien sal word, is betreklik gou egter ingesien. Dit het daartoe gelei dat die strook grond (4 morge en 411 vierkante roede) waarop die dam en die watervoor aangebou is in 1863 deur die Staat van L. C. Bronkhorst gekoop is, op 20 Augustus 1863 aan eersgenoemde getransporteer is en tot die dorpsgrond toegevoeg is.[9])

Die implikasies van die voorgenoemde transaksie is blykbaar egter nie algemeen begryp nie. Selfs die tweede eienaar van die plaas Groenkloof, Henry James Frames, wat dit in 1874 vir £1,250 van Bronkhorst se boedel gekoop het, het moontlik nie verstaan wat alles daarby betrokke

**H.A.U.M. BOEKHANDEL,** BUROLAAN 17, PRETORIA.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

was nie. Hierdie toedrag van sake het tydens die eerste Britse besetting van Transvaal 'n ernstige wending aangeneem toe die plaas weer van eienaar verwissel het.

Op 15 November 1877 het Jessie Jeanes en Maatskappy, van Kimberley, die plaas Groenkloof (insluitende die Fonteine) vir 'n bedrag van £7,250 van Frames aangekoop. Die volgende dag het Isaac Lithauer, die verteenwoordiger van die nuwe eienaar van die plaas, by goewermentsekretaris M. Osborn besoek afgelê en verduidelik watter planne die Maatskappy met die Fonteine gehad het. Die Maatskappy was naamlik van voorneme om een of ander fabriek, by voorkeur wolwassery, by die Fonteine, wat hulle nou as hulle uitsluitlike eiendom beskou het, op te rig. So 'n onderneming kon egter die watertoevoer van die dorp onderbreek of besoedel en die nuwe eienaars het hulleself skielik uiters besorg oor die erfeienaars verklaar. Die Maatskappy het dus aangebied om van sy beoogde skema met die Fonteine af te sien mits daar 'n bevredigende ooreenkoms oor die watertoevoer van die dorp bereik kon word. Lithauer het dus aan die hand gedoen dat aan sy maatskappy 'n kontrak toegestaan moes word om die dorp deur middel van pypleidings van water te voorsien. Vir hierdie diens sou die Staat dan 'n bedrag van £2 per erf per jaar, met 'n minimum totaal van £1,600 per jaar, vir 'n tydperk van minstens twintig jaar aan die Maatskappy moes betaal.[10]) Die watertoevoer was dus klaarblyklik in die gedrang.

Op 17 November 1877 het Lithauer sy voorstelle aan Osborn skriftelik bekragtig. 'n Kontraktydperk van minstens vyf jaar is nou egter voorgestel en geen prys vir die beoogde watervoorsiening is genoem nie. Die noodsaaklikheid vir behoorlike ooreenkomste in belang van die dorpsbewoners is sterk beklemtoon.[11])

Gowermentsekretaris Osborn het die applikant meegedeel dat hierdie belangrike aangeleentheid ernstige oorweging moes geniet. Hy kon dus dadelik geen uitsluitsel gee nie en moes die voorstelle aan die Administrateur voorlê.[12]) Voordat Osborn die saak aan Shepstone voorgelê het, het hy reeds samesprekings met die Landmeter-generaal, die Registrateur van Aktes en die Waarnemende Staatsprokureur gevoer. Hierdeur is vasgestel dat die dorp wel op watertoevoer vanaf die Fonteine geregtig was. Daar het egter nie algehele duidelikheid oor die kwessie bestaan nie. Daarom is besluit om oud-landdros A. F. du Toit, wat die dorp uitgemeet en voorheen oor die stadsgrense en waterregte onderhandelings gevoer het, vanaf Middelburg, Transvaal, na Pretoria te bring om die saak te help opklaar. Alhoewel Du Toit afgeleef was en sy gesondheid swak was, het hy dadelik die moeisame reis na Pretoria onderneem en op 21 November 1877 reeds 'n verklaring voor vrederegter J. J. Meintjes afgelê.

Du Toit het vertel hoedat veldkornet Van der Walt in 1859 of omstreeks daardie jaar vir Lucas Bronkhorst verbied het om verdere watervore aan te lê. Ook ander owereienaars is verbied om nuwe watervore uit die Apiesrivier uit te haal en sodoende die waterregte van ander



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

persone laer af langs die rivier te benadeel. Hy was van mening dat daar verskillende besluite van die Volksraad en die Uitvoerende Raad gevind sou word waarvolgens die waterregte van Pretoria afdoende gestaaf sou word.

Shepstone was egter nie tevrede met Osborn se voorlopige bevindings nie en het dus opdrag gegee dat oor die saak verder deur die Landmeter-generaal, die Registrateur van Aktes en die Staatsprokureur verslag gedoen moes word.[13]) Shepstone het ook opdrag gee dat Jesse Jeanes en Maatskappy versoek moes word om hulle voorstelle meer spesifiek te omskryf.

Na aanleiding van Du Toit se verklaring en die feit dat die dorpsdam en watervoor geleë was op grond wat reeds aan die Staat behoort het, het die Landmeter-generaal en die Registrateur van Aktes toe tot die gevolgtrekking geraak dat Jesse Jeanes en Maatskappy se aanspraak op die water van die Fonteine buitensporig en ongegrond was. Die amptenare het verder daarop gewys dat die plaas Elandspoort, waarop Pretoria gedeeltelik aangelê is, slegs 'n dag na die plaas Groenkloof in 1841 deur dieselfde afbakeningskommissie geïnspekteer is en sedert daardie datum ononderbroke 'n waterreg uit die Apiesrivier geniet het. Gewoontereg het dus klaarblyklik die waterregte van die dorpsgebied beskerm. Daarbenewens is ook nog melding gemaak van die beginsels van die Romeins-Hollandse Reg, die bepalings van verskillende wette en van gebruike, wat deur hofuitsprake in die Kaapkolonie bevestig is, waardeur die waterregte van oewereienaars bevestig is.[14])

Die finale besluit van die Landmeter-generaal en die Registrateur van Aktes was dat die eienaars van Groenkloof slegs op 'n billike deel van die wateropbrengs van die Fonteine aanspraak kon maak. Jesse Jeanes en Maatskappy sou dus geensins die afloop van die water na die dorpsdam en watervoor kon belemmer nie. Hulle sou die water dus ook nie vir wolwassery of fabriekwese kon toeëien nie en sodoende die water besoedel of meer as hulle regmatige deel kon gebruik nie. Indien 'n wolwassery opgerig sou word, sou dit so gedoen moes word dat die vuil water nie in die dorpsdam en watervoor beland nie.

Intussen het Jesse Jeanes en Maatskappy verdere voorstelle en menings voorgelê om die owerheid van die „reasonableness" van hulle eis te oortuig. Namens die Maatskappy is aangevoer: (i) dat die Staat erwe met waterregte in Pretoria verkoop het, alhoewel die Staat nie die eienaar was nie van die water wat van die Fonteine op Groenkloof afkomstig was; (ii) dat verskeie dorpenaars wins gemaak het uit koringmeulens wat deur die water van die Maatskappy aangedryf is sonder om aan die Maatskappy enige vergoeding te betaal, terwyl die water winsgewind vir wolwassery of fabriekswese deur die eienaars aangewend kon word; en (iii) dat die koopprys van die plaas ver hoër as die waarde van die **grond** is en dit is dus die waterregte waarvoor die hoë bedrag eintlik betaal is.

**CONSTANTIA BOTTLE STORE,** 279 PRETORIUS ST., PRETORIA.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Die Maatskappy sou dus verplig wees om die water op 'n winsgewende wyse aan te wend sonder om enige ag te slaan op die belange van die dorp, indien daar nie tot 'n bevredigende ooreenkoms met die Regering geraak kon word nie.[15])

Die stukke waarin al die voorgaande inligting vervat is, is daarop aan die Staatsprokureur vir sy verslag voorgelê. Hierdie amptenaar se mening was dat Jesse Jeanes en Maatskappy geen kontrak van die Regering met hulle beweerde reg op die water van die Apiesrivier kon afdwing nie. Die Maatskappy kon dus ook geen betaling eis vir die water wat van Gronkloof afgevloei en na die dorp en die erwe gelei is nie. Die Staatsprokureur het die Regering dus ook aangeraai om die Landdros van Pretoria opdrag te gee om toe te sien dat die water nie deur die Maatskappy met die beoogde wolwassery besoedel word nie. Indien nodig moes 'n hofbevel in hierdie verband aangevra word.[16])

Shepstone het daarop besluit dat die Regering geen aanbod aan die Maatskappy te maak het nie. Die Regering het hy verklaar, was bereid om die belange van die inwoners van Pretoria teen enige aanval op hulle waterregte te beskerm.[17]) Na hierdie beslissing het Jesse Jeanes en Maatskappy nie verder gepoog om water aan die Staat te verkoop nie en blykbaar is die beoogde skema met die wolwassery ook laat vaar.

## GROENKLOOF WORD STAATSEIENDOM EN DORPSGROND

Pas nadat die Zuid-Afrikaansche Republiek sy onafhanklikheid herwin het, het dit bekend geraak dat die plaas Groenkloof by 'n openbare veiling verkoop sou word, aangesien Jesse Jeanes en Maatskappy bankrot gespeel het. Die Uitvoerende Raad het die saak toe op 1 Augustus 1883 in die lig „van de wenschelykheid en nuttigheid van den aankoop voor Gouvernementsrekening van de plaats genaamd ‚de Fonteinen', gelegen naby Pretoria", oorweeg. Die Raad het dan ook „het groote nut van den aankoop dezer plaats" ingesien. Daarom is besluit om „voor ongeveer vyf duisend pond hoogstens de plaats aan te koopen, en den Hoog Ed. Achtb. Heer Voorzitter van den E.A. Volksraad, C. J. Bodenstein, vriendelyk te verzoeken dezen koop voor rekening van het Goevernement te sluit by de publieke verkooping op aanstaanden Zaturdag 4 Augustus".[18]) Die resterende deel van die plaas, bestaande uit 3068 morge en 587 vierkante roede, is inderdaad vir £4,000 aangekoop vir die Regering van die Zuid-Afrikaansche Republiek.[19])

Die plaas Groenkloof is egter nie dadelik tot die dorpsgrond van Pretoria toegevoeg nie, maar is van tyd tot tyd aan verskillende persone verhuur. S. P. Coetzee het die plaas vanaf 1 Oktober 1883 vir 'n tydperk van vier jaar van die Regering vir 'n huurgeld van £100 per jaar gehuur. Die huurkontrak het bepaal dat die water afkomstig van die Fonteine nie bemors sal word nie. Beperkings is ook geplaas op die aantal vee wat op die plaas aangehou kan word, asook op die aantal naturelle wat toegelaat sou word om op die plaas te woon.[20]) P. Schuurman het die



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

kontrak op 6 Februarie 1885 van Coetzee oorgeneem.[21]) Mettertyd het J. F. Celliers die plaas van die Regering gehuur.[22])

Eers na die Tweede Vryheidsoorlog is daar uiteindelik besluit om die plaas Groenkloof tot die dorpsgronde van Pretoria toe te voeg. In ruil vir die grond kon daar egter hoogstens 200,000 gellings water daagliks vir die militêre barakke op „Roberts Heights' 'uit die Fonteine gepomp word. Daarbenewens moes die Stadsraad ook nog hoogstens 100,000 gellings water daagliks gratis aan openbare geboue in Pretoria (insluitende „the residence of the Governor or Lieutenant-Governor") verskaf.[23]) Hierdie reëling het egter verseker dat die Stadsraad van Pretoria beheer verkry het oor die waterbron wat vir baie jare volwaadig aan die behoeftes van die stad voldoen het.

[1]) R.60/64: L. C. Bronkhorst aan president W. J. van Rensburg, d.d. 12.2.1864. Die plaas is op 9.8.1841 deur G. Kruger en A. van der Walt geïnspekteer.
[2]) Preller, G.S.: *Voortrekkermense: Deel IV.* (Kaapstad: Nasionale Pers, Bpk., 1925), pp. 9 en 137.
[3]) Zuid-Afrikaansche Republiek: Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek (volledig met alle bylae daarby)" Deel II (1850-1853). Saamgestel deur J. H. Breytenbach en gepubliseer in Suid-Afrikaanse Argiefstukke — Transvaal, No. 2 (Pretoria: Die Staatsdrukker, 1950), p. 204 — Bylaag 7, 1851: V.R. 156/51. Memorie, d.d. 1.4.1851.
[4]) *Ibid.*: pp. 445-446. Bylaag 68, 1853. V.R. 310/53: M. W. Pretorius aan die Volksraad, d.d. 23.8.1853.
[5]) R.800/55: Veldkornet A. P. van der Walt aan kommandant-generaal M. W. Pretorius, d.d. 16.4.1855.
[6]) Vgl. bv. U.R.B.: Art. 108, d.d. 25.2.1889 en die daaropvolgende kontrak tussen L. G. Vorstman en die Regering van die Z.A. Republiek, d.d. 1.3.1889.
[7]) R.918/78: Gesamentlike verslag deur die Landmeter-generaal en die Registrateur van Aktes, d.d. 17.4.1878.
[8]) *Ibid.*: Uittreksels uit 'n beëdigde verklaring deur A. F. du Toit, d.d. 21.11.1877.
[9]) *Ibid.*:Onthou dat Pretoria destyds geen plaaslike bestuursliggaam gehad het om vir die watervoorsiening te sorg nie.
[10]) R.4034/77: M. Osborn aan administrateur Shepstone, d.d. 20/11/1877.
[11]) *Ibid.*: Isaac J. Lithauer namens Jesse Jeanes en Maatskappy, Kimberley, aan die Goewermentsekretaris, d.d. 17.11.1877.
[12]) *Ibid.*: Goewermentsekretaris Osborn aan Isaac Lithauer, d.d. 19.11.1877.
[13]) R.4034/77: Endossement van T. Shepstone, d.d. 26.11.1877.
[14]) R.918/78: Verslag van die Landmeter-generaal en die Registrateur van Aktes, d.d. 17.4.1878.
[15]) R.918/78: Jesse Jeanes en Maatskappy aan Melmoth Osborn, Goewermentsekretaris, d.d. 26.3.1878.
[16]) R.918/78: Staatsprokureur aan Goewermentsekretaris, d.d. 5.6.1878.
[17]) *Ibid.*: Endossement deur T. Shepstone, d.d. 20.6.1878.
[18]) U.R.B.: Art. 38B, d.d. 1.8.1883.
[19]) Kantoor van die Registrateur van Aktes, Pretoria: Akte van Transport No. 533/1884.
[20]) R.4508/83: Kontrak, d.d. 27.12.1883.
[21]) *Ibid.*: Kontrak, d.d. 6.2.1885.
[22]) R.11861/89.
[23]) Vgl. die bepalings van die „Pretoria and Military Water Supply Ordinance 1905".

— Dr. J. J. N. CLOETE.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

# Die Ondertekening van die Vrede van Vereeniging in Melrosehuis, Pretoria

OP 31 Mei 1902 het 'n sombere gebeurtenis hom hier in Pretoria afgespeel. Hierdie gebeurtenis was die ondertekening van die vredesverdrag wat 'n einde gemaak het aan die Driejarige Oorlog. Gewoonlik word daarvan gepraat as die Vrede van Vereeniging, maar in der waarheid was dit 'n Vrede van Pretoria. Hier het al die onderhandelinge tussen Boer en Brit plaasgevind, en is die wrange slottoneel afgespeel, terwyl Paul Kruger ver van die strydtoneel in sy woning in die villa „Oranjelust" in Utrecht, Holland, eensaam gesit het met die ope Bybel daagliks voor hom.

Hier in Melrosehuis, Jacob Maréstraat 275, wat behoort het aan mnr. George Heys, destyds 'n bekende eienaar van 'n passasierskoetsdiens, is op 31 Mei 1902 om 11.05 nm. die vredesverdrag onderteken. Sedert die einde van 1900 het lord Kitchener Melrosehuis as hoofkwartier gebruik, maar voor hom was lord Roberts hier, met sy vrou en twee dogters. Dit was die „Imperial Headquarters, South Africa" gedurende die oorlog en hiervandaan is die bevele uitgestuur wat vir meer as 18 maande lank die aard van die Britse oorlogsverwikkelinge bepaal het. Op die solder was sy kamer en teen die klerekas, wat hy met die rug na vore gedraai het, was sy groot militêre kaart vasgespyker. Links, op die grasperk, so word ons vertel, het Kitchener heen en weer gestap in die kommervolle dae toe hy middele moes vind om die Boere se guerilla-weerstand te bowe te kom. Links op die stoep waar meer as 'n halfeeu gelede die Boereleiers, de la Rey, Burger, Hertzog, de Wet en Smuts, met vaste tred gestap het en waar president Steyn moeisaam opgesukkel het met halfverlamde bene, is die gedenkplaat van die Historiese Monumentskommissie waarop te lees staan dat die vrede in hierdie huis onderteken is. In die eetkamer, waar die gordyn geval het oor 'n drama van drie jare van stryd en lyding, staan nog die tafel waar die 12 manne hulle plekke ingeneem het. By die koppenent waar Kitchener en Milner gesit het, is 'n silwerplaatjie aangebring.

Net langs Melrosehuis is Parkzicht, die huis wat aan mnr. Karel Rood behoort het, waar die Transvalers tuis was na die Klerksdorpse onderhandelinge, en waar die vyf generaals vanaf 18 Mei verkeer het.


Die geskiedenis wat hierdie slottoneel voorafgegaan het, is as volg:

Na die inname van Bloemfontein en Pretoria gedurende die eerste

**BECKETT, MURRAY & CO. (PTY.) LTD.:** DEPARTMENTAL STORE; 298 CHURCH ST., PRETORIA.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services



*Boere-afgevaardigdes* in Mei 1902 voor *„Parkzicht"*, op die suidelike hoek van Van der Walt- en Jacob Maréstraat.

*Van links na regs*: De la Rey, Lucas Meyer, Schalk Burger, Louis Botha, J. C. Krogh en F. W. Reitz. Tussen Botha en Krogh kan die hoeksteen van die woonhuis gesien word. Daarop staan die volgende bewoording: Hoeksteen gelegd door Fred Kleyn, 23 Sept. 1891. W. H. van der Burg, Aannemer. K. van Rysse Jr., Architect.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

helfte van 1900 was die twee regerings (d.w.s. die Uitvoerende Raadslede van die twee Republieke) „te velde". Saam met die kommando's, en soms onder beskerming van die kommando's, het hulle van plek tot plek rondgetrek. Pres. Steyn het hom meestal by genl. de Wet bevind en het tot Julie 1900 sy personeel en dokumente by hom gehad, waarna sy kamp by Reitz oorval is en net die President ontsnap het. Daarna is genl. Olivier en genl. Hertzog as Regeringslede aangestel, terwyl die Waarnemende Staatssekretaris, mnr. W. J. C. Brebner, en genl. de Wet, as Hoofkommandant, ook lede was.

Na die vertrek van pres. Kruger het die Transvaalse Regering onder leiding van genl. Schalk Burger gestaan. By hom was mnr. Krogh, genl. Lucas Meyer, en Staatssekretaris Reitz. Die ander twee lede was komm.-genl. Louis Botha en genl. de la Rey, maar lg. was in Wes-Transvaal.

Op 4 Maart 1902 ontvang genl. Schalk Burger, tesame met Reitz, Krogh en Meyer, Kitchener se vredesvoorstelle op hulle 62ste staanplek gedurende die oorlog by Stroomwater, ten Noorde van Balmoral. Kitchener het uit Pretoria laat weet dat bemiddelingspogings in Europa aangewend is en dat die Britse Regering geantwoord het dat die vrede hier in Suid-Afrika gereël moes word.

By ontvangs van genl. Burger se antwoord, het Kitchener die Regering 'n vrygeleide na Kroonstad gegee waar hulle gemeen het dat hulle pres. Steyn sou vind. Op 22 Maart het hulle Balmoral verlaat en het op hulle reis deur Pretoria op versoek van Kitchener met hom 'n kort onderhoud gehad. By hulle was die Assistent-Staatsprokureur, adv. Louis Jacobz en mnr. Dirk van Velden.

Vroeg in April is genl. Louis Botha in kennis gestel van die reëling dat die twee Regerings op Klerksdorp sou saamkom. Op 7 April het hy toe saam met sy sekretaris, adv. N. J. de Wet, die latere Minister, Hoofregter en Waarnemende Goew.-Generaal, daar aangekom vir die samesprekings wat op 9 April 'n aanvang geneem het. Daar was skerp meningsverskil oor die wenslikheid daarvan om die oorlog voort te sit, en pres. Steyn, wat reeds die eerste tekens van 'n liggaamlike ineenstorting begin toon het, was heftig teen onderhandeling gekant. Generaal Botha en andere het egter anders gedink. Uiteindelik is voorstelle op skrif gestel en op 12 April was die Regerings in Pretoria om met lord Kitchener samesprekings te voer.


Terwyl die knapste Boereleiers in Pretoria was, het die oorlog voortgewoed — dit was wapenstilstand en oorlog gelyktydig. In Wes-Transvaal was Hamilton bv. met 'n „drive" teen de la Rey se magte besig en het die ou Generaal se regterhand, kommandant Potgieter, by Rooiwal gesneuwel. Ook in die Vrystaat is daar met troepe heen en weer tussen blokhuislinies gevee.

---

**KUTER SE APTEEK:** APTEKER EN OOGKUNDIGE, TRANSVALIA-GEBOU, SENTRAALSTRAAT, PRETORIA.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services



Melrose House in Jacob Maréstraat, regteenoor die suidelike ingang van Burgerspark, waar die Vrede van Vereeniging op 31 Mei 1902 onderteken is.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Die samesprekings het tot 17 April geduur. Die Boereleiers sou kans kry om al die kommando's te raadpleeg. Kitchener het aangebied om die spoorweg en telegraafdiens tot hulle beskikking te stel en 'n vrygeleide aan elke Regeringslid te gee. Intussen het die oorlog voort gewoed, maar daar sou van Engelse kant nie opgetree word teen kommando's wat besig was om vergaderings te hou nie, en ook nie teen kommando's wie se leiers gekies is as afgevaardigdes na die volksbyeenkoms nie. Hierdie reëling het tot allerhande situasies aanleiding gegee, soos bv. die geval van die jong luitenant in die Vrystaat wat genl. de Wet gevang het, en toe tot sy grootste teleurstelling van die vrygeleide van Kitchener vir die Generaal moes verneem.

Uit elke Republiek sou daar 30 afgevaardigdes gekies word om na Vereeniging te gaan en daar te besluit of daar verder sou onderhandel word en, indien wel, hoe dit moes geskied. Op 'n koue mistige oggend, die 15de Mei 1902, het die afgevaardigdes te Vereeniging aangekom, waar adv. N. J. de Wet reeds die terrein en tente in orde laat bring het

Hier, in 'n groot markeetent, het die byeenkoms onder voorsitterskap van genl. Beyers begin. Dit was 'n merkwaardige vergadering.

Daar was genl. Schalk Burger deur wie se toedoen, hoofsaaklik, hierdie manne hier was; F. W. Reitz, Oud-President van die Vrystaat en nou Staatssekretaris van die Suid-Afrikaanse Republiek — die man wat in 1899 die ultimatum aan Engeland uitgeskryf het. Daar was Louis Botha, die held van Colenso; Koos de la Rey, die Leeu van Wes-Transvaal; Jan Smuts, pas terug uit Namakwaland en nou regsadviseur van die Transvaalse Regering. Tussen die Vrystaters het die tragiese figuur van Marthinus Theunis Steyn gesit, liggaamlik gebroke deur sy aandeel in die Vryheidstryd. Hy sou net hierdie eerste vergadering bewoon en dan in sy tent siek lê totdat hy Vereeniging weens sy toestand moes verlaat. By hom het genl. Christian de Wet gesit, die beroemdste guerilla-leier van alle tye; Hertzog, netjies van persoon, vas van oortuiging, gehard in die stryd, gewapen met kennis en ervaring as Regsgeleerde en Regter. Hy sou doen wat Steyn nie kon uitvoer nie. Daar het ook die fleur van die Vrystaatse offisiere gesit: Badenhorst, Nieuwoudt, Hattingh, Wessels, Prinsloo, Brand en Froneman. Daar was ook die gedugte vegters teen die blokhuislinies, Mentz en van Coller; Ross en de Kock en Vrede, oorwinnaars van Tafelkop; Rautenbach van Bethlehem, wat kort gelede nog in die Brandwaterkom geveg het; Jacobz, Koen, Bester, Bruwer en die Hoof van die President se lyfwag, C. A. van Niekerk.

Onder die Transvalers het daar generaals van naam gesit, manne wat gedurende die maande wat verby is diep spore op die Transvaalse vlaktes getrap het: Kemp, Muller, Liebenberg, du Toit, Celliers, Chris Botha, Grobler, Britz. Daar was ook nog 'n aantal kommandante, twee land-

**DE BRUYN'S SHOE STORES (PTY.) LTD.,** 285 & 143 CHURCH ST., PRETORIA.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

droste en vier gewone burgers.

Eenkant by 'n tafel het die twee notulehouers gesit: D. E. van Velden en ds. J. D. Kestell. By die sittings is dit meestal ds. Kestell wat met gebed open en sluit. Tussendeur het hy elke dag die dienste en bidstondes gelei, soos hy so dikwels op die Vrystaatse vlaktes gedoen het in die bittere maande wat agter gelê het.

Dag na dag het die vergadering in die groot tent gesit — daar was meningsverskil. Aan die een kant dié wat wou vrede maak, en aan die ander kant die wat wou voortgaan. Aan albei kante was daar argumente wat nie oor die hoof gesien kon word nie. Dit was 'n gewigte keuse wat voor die manne op Vereeniging gelê het. Pres. Steyn het nie meer gepraat nie. Hy het in sy tent gelê en daar verslag van wat bespreek en besluit is gehoor. Daar is uiteindelik voorstelle geformuleer. Genls. Smuts en Hertzog het die aangewese twee persone geword om rigting te gee en die regte bewoording te vind wanneer iets op skrif gestel moes word. Op Saterdag, 17 Mei, is besluit om die 5 generaals, Hertzog, Smuts, de la Rey, Botha en de Wet na Pretoria met hierdie voorstelle te stuur, waar Kitchener en Milner op die uitslag van die beraadslagings gewag het.

Hierdie samesprekings met die Engelse bevelvoerders was die kern van al die vredesonderhandelinge, want in die 10 dae wat sou volg, is die vredesvoorwaardes puntsgewys deur taaie onderhandeling uitgepluis en vasgestel. Genls. Hertzog en Smuts het 'n reuse aandeel in die samesprekings gehad en na tien dae het Milner erken dat die twee Boere-advokate hom uitgeput het. „It was an awful ten days," het hy gesê. Adv. N. J. de Wet het as tolk opgetree.

Na die eerste fase het dit gelyk asof die sameprekings 'n dooie punt bereik het, maar Smuts het 'n uitweg help vind en toe het Kitchener die saak bespoedig deur voor te stel dat net genls. Hertzog Smuts en hy 'n komitee vorm om die werk voort te sit. Dit is toe ook gedoen.

Kitchener en Milner was dit nie altyd eens met mekaar tydens die onderhandelinge nie, en het mekaar soms openlik die waarheid vertel. Milner wou graag 'n onvoorwaardelike oorgawe gehad het, en was gekant teen al die onderhandelinge. Hy was kil en ongenaakbaar teen die Boere-leiers. Kitchener, daarenteen, was baie meer hartlik en informeel in sy optrede.

Die Boereleiers het ook nie almal eners oor sake gedink nie — hulle was ook verdeeld. Genls de Wet en Hertzog was teneergedruk oor die neiging by die Transvalers om hulle onafhanklikheid prys te gee. Maar uiteindelik is tog 'n ooreenkoms bereik oor 'n dokument bestaande uit tien klousules, wat ook deur Chamberlain en die Britse Kabinet per kabel goedgekeur is. Dit dan was die finale voorwaardes wat die vyf generaals na Vereeniging moes neem en daarop moes net JA of NEE geantwoord word. Daar sou aan die vergadering op Vereeniging tot Saterdagaand

**H.A.U.M. BOOKSELLERS,** 17 BUREAU LANE, PRETORIA.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

31 Mei 1902 kans gegee word om die klousules te aanvaar of te verwerp.

Op Woensdagaand het die generaals per trein na Vereeniging vertrek. Om 9 vm. op 29 Mei is die eerste sitting gehou en die rapport voorgelees, maar pres. Steyn was nie teenwoordig nie, want op daardie selfde dag het hy bedank en genl. de Wet as Waarnemende President benoem. Hy was ernstig siek en het dié agtermiddag Vereeniging verlaat om op Krugersdorp behandeling te ontvang. Voor sy vertrek het hy te kenne gegee dat hy nooit sou toestem tot die beëindiging van die Republieke se onafhanklikheid nie.

Nadat die vredesvoorwaardes drie dae lank ernstig bespreek is, is toegestem om die onafhanklikheid van die Republieke prys te gee. Generaal de Wet was die standvastigste, maar het uiteindelik toegegee aan die wens van die meerderheid dat die voorwaardes aanvaar word. Smuts en Hertzog moes die gevoel van die vergadering vaslê in 'n besluit wat aan die Britse verteenwoordigers voorgelê sou word. Dit was 'n roerende dokument waarin die meedoënlose omstandighede wat die vergadering dwing om die onafhanklikheid prys te gee, genoem word.

Landdros Stoffberg het die Bybel oopgeslaan en uit die vyfde hoofstuk van Klaagliedere gelees: „Gedenk Here . . . wat ons geschied is; aanschouw het, en zie onzen smaad aan. Onze erfdeel is tot de vreemdelingen gewend . . . . " So het sy stem in die stilte van die tent geklink.

Daar is gestem: 54 vir aanname van die voorwaardes en 6 daarteen Genl. Schalk Burger het 'n paar woorde gesê. Ds Kestell het 'n gebed gedoen. Toe is lord Kitchener se twee Skakeloffisiere binnegeroep om die vergadering se besluit te verneem en na Pretoria oor te bring.

Reëlings is getref vir die twee Regerings om na Pretoria af te reis. Voordat die afgevaardigdes uiteen is, is eers besluit om genls. de la Rey, de Wet, en Botha na Europa af te vaardig om fondse vir die noodlydende Boerevolk in te samel. In daardie selfde jaar voer die generaals hulle opdrag uit en doen hulle ook aan die ou President in Utrecht verslag oor die beëindiging van die oorlog.

Kort voor 11 nm. op 31 Mei het die Regerings op Pretoriastasie aangekom waar 'n rytuig gereed gestaan het om hulle na Melrosehuis te vervoer. Op hulle versoek het hulle eers geleentheid gekry om die besluit van Vereeniging weer deeglik deur te lees voordat dit aan die Britse verteenwoordigers oorhandig is. Eers toe het Kitchener en Milner die vertrek binnegekom en het die ondertekenaars hulle plekke om die tafel ingeneem.

Aan die koppenent van die tafel het Milner en Kitchener gesit —

→

*Burgerspark.* Die foto is in 'n suidelike rigting geneem. Links kan Van der Walten regs Andriesstraat gesien word. Die suidelike grens van die park word deur Jacob Maréstraat gevorm en die noordelike grens deur Burgersparklaan (wat nie op die foto in die voorgrond verskyn nie). *Melrose House,* waar die Vrede van Vereeniging op 31 Mei 1902 onderteken is, kan op die agtergrond aan die suidekant van Jacob Maréstraat gesien word (links van die lang witdakgebou). Op die suidwestelike hoek van Jacob Maré- en Van der Waltstraat staan *Parkzicht,* waar die Boereafgevaardigdes destyds tuis gegaan het. *Foto: The Pretoria News.*



Digitised by the University of Pretoria, Library Services